




Mev. Pres. Steyn Weier Uitnodiging Na Koning

Mev. (Pres.) M. T. Steyn, wat verlede week haar 82ste verjaardag gevier het, het, na Die O.B. verneem, 'n uitnodiging van die reëlingskomitee om die funksie van die Provinsiale Raad van die Vrystaat ter ere van die koning by te woon, van die hand gewys.

In die Engelse pers is aangekondig dat sy teenwoordig sou wees, maar mev. Steyn het die pers daarna in kennis gestel dat sy nie daar sal wees nie.

Vir mense wat bewus is van die lyding wat president Steyn en sy eggenote moes verduur het ten gevolge van die Britse veroweringsoorlog, was dit selfs vreemd dat mev. Steyn uitgenooi is — en dit deur 'n oorwegend republikeinse liggaam soos die Provinsiale Raad — na die „triomftog” van die Britse koning deur sy verowerde gebied.

L.V.'s Ontvang Fooie — Praktyk Bevestig

Gedurende die tweede lesing van die private wetsontwerp ter wysiging van die voorregte en magte van lede van die volksraad sodat dit vir hulle onmoontlik sal wees om soos tans fooie te ontvang vir dienste wat hulle deur middel van hul parlementêre posisie aan hul kiesers bewys, is die agterdog teen L.V.'s wat deur mnr. Marwick geopper is, bewaarheid. Daar is verklaar dat dit lede van die regsprofessie is wat hulle hieraan skuldig maak.

Die Eerste Minister, veldm. J. C. Smuts, het die wetsontwerp bestry en gesê dat dit ongelukkig is dat die maatreël ter sprake gekom het, daar dit die volksraad net in 'n slegte

lig sal stel by die publiek en die suspisie versterk dat alles daar nie pluis is nie. Hy het gesê dat L.V.'s dikwels in professionele hoedanigheid na hom (Vervolg op bls. 8)

Unie se Poorte Oop Vir Jan Àlias en Sy Maat

Hoewel die regering immigrasie-komitees in Europa aangestel het om aan te beveel watter vakman-immigrante geskik is vir toelating in die Unie, kom dit voor asof dit maar net oëverblindery is, aangesien hierdie komitees geen seggenskap het oor Britse onderdane wat na die Unie wil kom nie, en dit enige Jan Rap en sy maat wat Britse burgerskap verwerf het, vry staan om na Suid-Afrika te immigrer.

Die komitees het slegs seggenskap oor vreemdelinge en dit skyn of hierdie taak ook 'n klug geword het met die aankondiging van die Eerste Minister dat almal „goeies, slegtes en onverskilliges” maar kan kom. Te oordeel hierna het die komitees geen funksie meer nie.

In 'n onderhoud met die Departement van Binnelandse sake het amptenare te kenne gegee dat hulle nie kan sien hoe die regering kan hoop om net vakmanne van Brittanje af in te voer nie, daar hy nie by magte is om Britse immigrante wat aan die vereistes van die wet voldoen, af te keur nie. Per slot van sake sal dit geen vakmanne wees nie, maar die man wat deur die Britse sif geval het wat na die Unie immigrer.

BAIE MAKLIK

Die immigrasie van „Britse onderdane”, wat 'n wye begrip is en ook Jode wat in Engeland gebore of genaturaliseer is, insluit, vind plaas onder die im-

migrasiewette wat ten opsigte van Britse onderdane maar taamlik slap is. Al vereiste wat aan hulle gestel word, is dat hulle nie te lank in die tronk moes gewees het nie, nie aan aansteeklike siekte ly nie en oor 'n klein kapitaal-bedrag beskik. Indien hulle bewys kan lewer dat hulle 'n werkgewer het, is die kapitaal nie eens nodig nie.

Wat die skeepsruimte en aanvoer van immigrante betref, is daar ook 'n gaping waardeur immigrante sluip. Van die beskikbare skeepsruimte word 25 persent aan die Unie se Hoë Kommissaris toegeken, 15 persent aan die rederye en die orige sestig persent aan die Britse regering. Die Unie gebruik sy 25 persent om sy onderdane wat al baie jare op skeepsruimte wag, na hul vaderland terug te bring, dus geen immigrante nie. Dit is dus die Britse regering en die rederye wat beslis aan watter tipe immigrant 'n passaat gegee sal word. Die Britse regering, bewus van die arbeidstekort in Engeland, is seker nie te gretig om van sy vakmanne ontslae te raak nie en sal voorkeur verleen aan diegene wat hy self nie kan gebruik nie. Dit is vanselfsprekend dat ons die nuttelose immigrante met wie die Britse regering niks kan aanvang nie, gaan kry. En dit is hierdie

„slegtes” wat genl. Smuts welkom heet.

Vir die rederye is dit 'n kwessie van besigheid en hulle sal hul nie bekommer aan wie hulle passate verleen nie.

GEEN KONTROLE

In die buiteland is daar dus geen beheer oor hierdie mense nie. Hulle word wel in Suid-Afrika deur die keurraad, wat onder die wet van 1937 ingestel is, gekeur. Hoe hierdie keuring geskied, het geblyk uit die berig wat ons verlede week geplaas het en waarin aangetoon is dat die meerderheid Jode en ander ongewenste elemente is wat ons nie graag hier ontvang nie.

In 'n onderhoud met die Kommissaris van Immigrasie, is Die O.B. meegedeel dat dit dikwels gebeur dat immigrante hier aanland wat nie aan die vereistes van die wet voldoen nie. Aan hulle word dan 'n periode van veertien dae gegee om hier te bly. Daarna word dit verleng na gelang van omstandighede. Hy het verklaar dat dit wel dikwels gebeur dat immigrante wat nie aan die vereistes van die wet voldoen het, op hierdie manier permanent in die Unie bly woon.

GEEN VAKLUI

'n Verdere ontleding van die aansoeke van vreemdelinge om genaturaliseer te word, soos dit (Vervolg op bls. 8)

Britse Ryk Tuimel In Sê Churchill

„Dit is met diepe droefheid dat ek die intuïeling van die Britse Ryk met al sy glorie en al die dienste wat hy aan die mensdom bewys het, aanskou”, het aartsimperialis Winston Churchill verlede week tydens 'n debat oor Indië in die Britse laerhuis geweeklaag.

Reuter beskryf dit as „een van die somberste uitlatings van Churchill sedert sy eerste toetrede tot die laerhuis 47 jaar gelede”.

Dit is opvallend dat Churchill se politieke loopbaan dateer vanaf die verowering van die Boere-republieke — dus die hoogtepunt van Britse imperialisme.

AANDAG WOLKWEKERS!

Die **Wol-Groeiërs-Afslalers**

**BEPERK
PORT ELIZABETH EN
OOS-LONDEN**

het besit geneem van 'n Moderne, Goed Ingerigte Wolpakhuis in
KAAPSTAD

Wakkere, Persoonlike Verkoopdiens en Persoonlike Belangstelling, wat die snelle vooruitgang van die W.G.A. in Port Elizabeth en Oos-Londen verseker het, sal **VANAF 1 FEBRUARIE** tot u diens wees op die

KAAPSE WOLMARK

Verseker Puik Pryse en Lonende Diens deur u Skeersel te merk:

**WGA
CT**

DIREKTEURE

N. C. Havenga (Voorsitter); J. H. Moolman (Onder-voorsitter); A. C. Lombard; S. D. Naudé; T. B. Jordaan; C. J. H. Visser; F. Jooste; L. Miles; B. J. van der Merwe.

Hoofbestuurder: C. C. Kriel.

Bestuurder, Kaapstad: N. J. Vlok.

Skryf nog vandag aan:

POSBUS 1547 — TELEFOON 5-4615


W.G.A. Beperk

Telegramme: „GROWOOL”

Privaat Sylyn 3045

HERMESWEG — PAARDEN-EILAND — KAAPSTAD
„Suid-Afrika se Mees Vooruitstrewende Wolmakelaars”

BRING HULDE



'n Groot aantal Afrikaners van die Rand en Pretoria het die eerste groep politieke gevangenes wat weens amnestie uit die Sentrale Gevangenis losgelaat is, feestelik welkom geheet by geleentheid van 'n eettaal in die Afrikaner-Koffiehuys, Pretoria. Waarnemende gebieds-genl. prof. G. Cronjé bring hier hulde aan die gevangenes.

Wat Beteken Die Kruipery?

(Deur PROF. G. CRONJÉ)

Waar gaan dit heen?

Dit is al vraag wat 'n mens kan stel na aanleiding van die Natalse Administrateur, D. E. Mitchell, se voorneme om, na raadpleging met die Eerste Minister, 'n ordonnansie deur sy Provinsiale Raad te laat beklink waardeur die Indiërs van die groter stedelike sentra deur twee van hul rasgenote in die stadsrade verteenwoordig sal word.

As die Indiërs beperkte verteenwoordiging in die parlement en in die Natalse Provinsiale Raad as benede hulle waardigheid beskou, watter sin het dit dan om hulle soortgelyke verteenwoordiging in die Natalse stadsrade aan te bied? Hulle wil mos nou eenmaal nie soos 'n „minderwaardige ras” behandel word nie, soos 'n Natalse Indiërblad na aanleiding van die aankondiging van die Adviserende Indiërraad geskryf het.

VOOGDY

Die hoofbeswaar is egter dat sodanige verteenwoordiging strydig met die beginsel van blanke voogdyskap is. Volgens dié beginsel kan die nie-blankes, mits hulle hul waardig gedra, medeseggenskap kry in die behartiging van hul eie belange maar hulle is beslis nie geregtig om medeseggenskap te verkry met betrekking tot die reëling van die sake wat die blankes raak nie. Dit beteken dat die nie-blankes uit die gewone bestuursliggame uitgesluit moet word. Genl. Smuts het dit bepaald mis gehad toe hy verlede jaar in die Volksraad in verband met die Indiërwetgewing (meer bepaald die politieke verteenwoordiging) verklaar het dat die beginsel van voogdyskap vereis dat die nie-blankes geleidelik medeseggenskap in die landsbestuur moet kry.

'n Ander beswaar is dat ons mos teen hierdie tyd al weet dat as 'n mens die Indiërs 'n pinkie aanbied, hulle die hele hand wil hê. Hulle sal met niks tevrede wees waarmee genl. Smuts hulle deesdae wil paai nie. Wat hulle wil hê is politieke gelykstelling, selfs ook al sê hulle tans dat hulle darem solank met die beperkte of „gelaide” stemreg tevrede sal wees, soos die Indiërs in Kaapland geniet.

UITHEEMS

Nog 'n beswaar is, dat al die politieke voorregte wat tans tot die beskikking van die Indiërs gestel word, op niks anders neerkom nie as die stelselmatige inburgering van 'n geheel-en-al uitheemse rassegroep wat huis-toe gestuur moet word.

Het al die kruipery voor die Indiërs nie dalk 'n diepere betekenis nie?

Toe genl. Smuts onlangs van New York af teruggekom het, was hy verontwaardig dat sommige mense durf beweer dat hy op die byeenkoms van die Verenigde Volke 'n neerlaag gely het. Wat gebeur nou? Probeer hy nie nou om sodanige toegewings te doen dat die nie-blanke oorwig in die B.V.V. 'n volgende keer nie soveel skietgoed sal hê nie?

Kom dit nie ook maar daarop neer dat die B.V.V. toegelaat word om in te meng in Suid-Afrika se binnelandse aangeleenthede nie? En is dit nie 'n erkenning van daardie neerlaag wat genl. Smuts 'n „terugslag” genoem het nie?

(Die voorneme van die Administrateur om Indiërs in die stadsrade toe te laat, is voorverlede week deur Durban se stadsburgers met 15,066 teen 1,369 stemme veroordeel. — Red.)

Beantwoord Indringing Met Indiëerverdringing

(Deur Prof. G. Cronjé)

Alles dui tans daarop dat die blankes van die Transvaal daarop uit is om op handelsgebied 'n doelbewuste en georganiseerde Indiër-boikot op tou te sit.

Hulle is m.a.w. van plan om die oosterlinge te slaan waar hulle die seerste gaan kry want in 1936 (nou al meer as tien jaar gelede) was in die Transvaal nie minder as 71 persent van die Indiërs van werkende leeftyd in die handel betrokke. Indien die blankes se voorgenome optrede op handelsgebied slaag, sal die repatriasie van die oosterlinge waarskynlik ook spoedig volg want die Indiërs sal huis-toe gaan sodra dit nie meer vir hulle die moeite werd gemaak word om hier te bly nie.

Die tekens is ook al daar dat die Indiërhandelaars hier en daar begin seerkry. Voordat hulle oor die verloop van sake begin kerm, moet hulle egter eers die vraag beantwoord of hulle dan gemeen het dat die witmense van hierdie land so lankmoedig is dat hulle nooit terug sal slaan nie. As hulle so gemeen het, wil ons die hoop uitspreek dat dit spoedig mag blyk dat hulle hul vergis het.

HUL KERFSTOK

Inderdaad het die Indiërs heelwat op hulle kerfstok. Ons wil hulle net aan 'n paar sakies herinner want hulle is mos lankal besig om die posisie van die witmense te ondergrawe, veral op ekonomiese gebied. Wat geproklameerde grond in die Transvaal betref, het die Feetham-kommissie, wat nogal toegieflik teenoor die oosterlinge was, vasgestel dat Indiëringdringing omvangryk plaasgevind het. Die eerste Broom-kommissie het gevind dat die Indiërs op die Transvaalse

platteland besig is om die blankes handelaars te verdring. Wat Natal betref, het die Eerste en die Tweede Broom-kommissies grootskaalse Indiëringdringing aan die lig gebring.

Voor die Murray-kommissie het die Transvaalse Indiërkongres verklaar dat die Indiërs doelbewus daarop uit is om alle wetgewing wat hulle op ekonomiese gebied aan bande probeer lê, op elke moontlike manier te ontduik.

En toe die Regering in 1946 met 'n besonder toegieflike maatregel die ekonomiese posisie van die blankes probeer beveilig het, was die arme, veronregte Indiërs dadelik op hulle perdjie en het hulle hul toevlug tot 'n astante en uitdagende lydelike versetbeweging geneem, asof Suid-Afrika hulle land is.

INDIË SE HOUDING

Indië het ook nie op hom laat wag nie. Hy het probeer om Suid-Afrika in die verleentheid te bring deur handelsbetrekkinge op te sê en deur Suid-Afrikaanse onderdane in Indië te verneder. Daarna het hy op die onlangse byeenkoms van die „Verenigde” Volke nydige aanvalle geloods teen die land waar tienduizende koelies en hulle nasate die geleentheid gevind het om welvarende Indiërs te word.

Kan die oosterlinge van hierdie land en hulle rasgenote daar oorkant die water dan verbaas wees as Suid-Afrika se bedreigde en beledigde witmense nou die geleedere gaan sluit om hulself en hul nageslag in hul eie vaderland te beveilig? Kan

hulle nou met reg aan die kerm gaan as Indiëerverdringing die blankes se reaksie word teen Indiëringdringing?

Die Indiërs in ons land wil op ekonomiese en politieke gebied gelykberegtig met die blankes wees. Aan daardie eise sal nie voldoen word nie. Die botsing tussen die Asiëte en Europeane in ons land sal voortbestaan en die vooruitsigte dat dit ooit beëindig sal word, is skraal — tensy repatriasie tog nog deurgevoer word. Bevolkingsverskuiwings is mos aan die orde van die dag.

Dit moet as 'n uitgemaakte saak beskou word dat die Indiërvraagstuk nie met lapwerk reggedokter sal kan word nie.

Hoe gouer die blywende oplossing aangedurf word, des te beter.

V.P. KEUR BOIKOT GOED.

— Die boere-groep van die Verenigde Party in die volksraad het op 'n vergadering verklaar dat hulle geen fout vind met die boikot wat die blankes tans op die Indiërs toepas nie. Hulle regverdig hul standpunt deur die feit dat Indië eerste stappe teen die Unie geneem het.

WIL MET INDIË NA V.V.O.

— Churchill, voormalige eerste minister van Brittanje, het voorgestel dat Engeland eerder as om afstand te doen van sy beheer oor Indië, die saak voor die V.V.O. moes gelê het. Hy het die regering van Nehru as 'n „ramp” beskryf. Dit was verkeerd om die regering in die hande van Hindoes te plaas, het hy gesê.

Diamante Vir Prinses

'n Stinkhoutkissie met diamante ter waarde van £3,700 is by geleentheid van die ontvangs van die Britse koningsgesin in Oos-Londen aan prinses Elizabeth oorhandig. Die diamante is van Namakwaland afkomstig en in Johannesburg geslyp.

Indiese Druk Op Australie

Australië is nie van voorneme om toe te gee aan die eise wat na verwagting binnekort deur Indië aan Australië gestel sal word om die immigrasie van Indiërs na Australië te vergemaklik nie.

Die Australiese minister van buitelandse sake, dr. Evatt, het die huis van verteenwoordigers meegedeel dat Australië sy „wit beleid” sal handhaaf, afgesien van die eise en druk wat Indië mag uitoefen.

Die bespreking van die kwesie het nog nie tussen die twee lande plaasgevind nie. Indië het egter inligting gevra omtrent die immigrasie-beleid van Australië. Hy het verklaar dat dit nodig is dat Indië en Australië mekaar deeglik op hierdie punt verstaan. „As Indië daarop aandring om sy eie beleid vir sy eie mense op te stel, dan Australië ook”, het dr. Evatt gesê.

KRY NOU 'N PASPOORT.

— Nadat die regering aanvanklik geweier het om 'n paspoort aan twee Indiese leiers, dr. Dadoo en dr. Naicker, wat na Indië wou reis om die al-Asiatiese kongres by te woon, sodat hulle Indië oor Suid-Afrika kan „inlig”, het die regering nou toegestem om paspoorte aan hulle te verleen. Die paspoorte is eers geweier omdat die twee leiers die landswette moedswillig oortree het.

H.N.P.-L.V.'s Speel Jukskei Met Koning se Matrose en Verloor

Oorlopend van leedvermaak en spot vertel Arthur Barlow in sy weekblad hoe die Britse koning se matrose die H.N.P. se parlementêre jukskeispan in 'n wedstryd geklop het. Die offisiere van die Vanguard, die slagskip waarmee die koning hierheen gebring is, is deur die parlementêre span van die H.N.P. uitgedaag tot 'n jukskeiwedstryd, berig die blad. Aan die Britte moes eers verduidelik word wat jukskei is en hoe dit gespeel word. „Woensdag het die twee spanne ontmoet, vier elk, en die matrose het die Nattes kapot gespeel. Die Nattes was nat van die sweet aan die end van die wedstryd. Die matrose het hulle dwarsdeur op hul tone gehou”.

Die blad gaan dan verder en vertel honend hoe die „Nattes” in die dae van Hitler besluit het om jukskei te speel, soos dit gespeel is deur die Voortrekkers. „Om die beste daarvan te sê, is dit 'n dom speletjie wat niemand ooit sal aanvaar nie”.

Maar „dit moes die nasionale spel word van die ultra-Afrikaners, en hierin het die nakomelinge van Drake hulle gewen”.

Die blad noem nie die name van die H.N.P.-lede wat hulself so tot spot laat maak het nie, behalwe dat dit blyk dat mnr. Jan Wilkens en Tom Naudé onder hulle was.

DIE REDE

„Voortspruitende uit die veranderinge wat die organisasie van die Gemeenbes in die eeu ondergaan het, is die Kroon die enigste werklike konstitusionele band wat Brittanje met haar susterstate verbind. Die aanwesigheid van die koning in die dominiums sal hierdie band versterk”, lui 'n hoofartikel van die Natal Witness, na aanleiding van die besoek van die Britse koningsgesin in Suid-Afrika. Die blad vervolgt dan: „Die besoek sal aan die wêreld demonstreer . . . dat die samewerking waarop die Gemeenbes berus, nie deur die konstitusionele veranderinge of verloop van jare vernietig is nie”.

Vir republikeinse leiers om aan die koningsverwelkoming deel te neem, beteken dus 'n versterking van die Empire-bande, en almal weet dit.

UNIE VRA KORING. — Die regering het by die Internasionale Voedselraad aansoek gedoen om 200,000 lang ton koring om die voorraad van die Unie aan te vul vir die lopende jaar. Aan die einde van Januarie was die skatting van die Unie se koringoes sowat 4,428,000 sakke.

BLY DALK IN GRIEKELAND. — Dit is moontlik dat die Britse troepe langer as wat voorheen ooreengekom is, in Griekeland sal bly. Die troepe sou oorspronklik na 31 Maart uit Griekeland verwyder word. Hierdie aankondiging sal nou in hersiening geneem word.

OSSEWABRANDWAG

BELANGRIKE

OPENBARE

VERGADERING


STADSAAL — STELLENBOSCH
SATERDAG, 22 MAART
om 8-uur n.m.

SPREKERS:

DIE KOMMANDANT-GENERAAL
DIE ASST. KOMDT.-GENERAAL

Elke offisier en brandwag in die omgewing gaan teenwoordig wees en gaan ook 'n paar vriende saambring!

Voortvlugtige Tree in Huwelik



Onlangs het die huwelik plaasgevind van Rina, dogter van hoofkomdt. G. F. Ebersöhn en Johannes Cronjé van Senekal, tot onlangs 'n voortvlugtige, wie se onswerwinge 'n romantiese klimaks bereik het met hierdie huwelik.

Die bruid het daar allerliefs uitgesien toe sy aan die arm van haar vader die kerk ingekom het, terwyl die bruidegom, begelei deur sy moeder, haar tegemoet gegaan het. Die bruid is bygestaan deur drie blomme-meisies en 'n hofknapie. Die egband is gelê deur ds. J. P. H. Steyn.

Na die verrigtinge in die kerk is 'n groot skare van vriende na die plaas, waar 'n puik ont-haal gegee is deur die bruid se ouers.

Toesprake is gehou deur mnr. P. Grewar, die seremoniemeester, komdt. Koos Taljaard van Reitz, ds. Steyn en komdt. Pitout van Bethlehem. Die bruidegom het baie paslik geantwoord op al die heildronke en daarna het die gaste nog 'n geruime tyd gesellig deurgebring en die gasvryheid van komdt. Ebersöhn ten volle geniet. — (Ingestuurt).

KRAGMONSTERING IN N.-TRANSVAAL Offisiere Trek Saam

Vierhonderd-nege-en-veertig offisiere van Noord-Transvaal het op 1 Maart op Nylstroom vergader onder leiding van die plaaslike genl., Van Rensburg. Offisiere uit alle dele van N.-Transvaal was hier aanwesig. Die kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het hulle toegesprek.

Die kwessie van die republikeinse verantwoordelikheid van die Ossewabrandwag, sowel as

die kwessie van samewerking met elemente wat bereid is om die broederhand te vat, is in die besprekings ten volle behandel.

Die aand is 'n openbare vergadering in die stadsaal van Nylstroom gehou, en die stadsaal was, ondanks die swaar reënweer, wat die hele dag ge-heers het, vol, sodat heelwat mense tevrede moes wees om te staan.

H.N.P.-Leiding Weier O.B.-Samewerking In Wolmaransstad

'n Vergeefse poging om samewerking tussen nasionaalgesinde ten opsigte van die tussenverkiesing in Wolmaransstad tot stand te bring, is voorverlede Saterdag deur die plaaslike O.B.- en H.N.P.-leiers aangewend. Na berig word was baie lede van die H.N.P. te vinde vir toenadering, en selfs die voorsitter, ds. E. J. J. van der Horst, het hom aanvanklik ten gunste daarvan uitgesprek.

Die partybestuur is egter deur 'n afgevaardigde van die hoofkantoor toegesprek, waarna die voorsitter die O.B.-meegedeel het dat die afdelingsbestuur niks kan doen nie, aangesien die uitskop van O.B.-lede uit die party kragtens 'n kongres-besluit geskied.

Mnr. Lodewyk Wentzel, oud-L.V., het die vergadering toegesprek en die O.B.-beleid uiteengesit. Dit was glo vir baie lede van die H.N.P. 'n groot ontugtering, aangesien hulle al die jare deur hul koerante se boikot-beleid in duisterheid daaromtrent gehou is. Die ge-

volg was dat sommige van hulle later na mnr. Wentzel se huis gegaan het om meer omtrent die Ossewabrandwag se standpunt te verneem.

Na verneem word, was daar baie lede van die H.N.P. wat wou hê dat mnr. Wentzel as kandidaat moes staan, daar hy 'n plaaslike boer is en bekend deur die hele kiesafdeling. Die feit dat hy 'n lid van die O.B. is, het by hulle minder geweeg as die invoering van 'n kandidaat van buite. Mnr. Wentzel wou hom egter nie verkiesbaar stel nie, en hy sou kragtens die vyandelike beleid van die H.N.P.-leiding jeens O.B.-republikeine dan ook as derde kandidaat moes staan.

£3.000 VIR DIE STAKERS.

— Die Pretoriase waaksameheidskomitee van die Afrikaanse Kultuurraad het reeds £3.000 vir die onderhoud van die stakende mynwerkers ingesamel. Buiten hierdie bedrag ontvang die stakers groot bedrae vanuit die platteland en elders, Bethlehem, Kroonstad en Middelburg, Tvl., het belowe om saam £1.500 by te dra.

Vrugtefees Op Constantia

Die jaarlikse vrugtefees op die plaas Welgeleë, Constantia, onder leiding van komdt. mev. Lategan, word op Saterdag, 22 Maart, vanaf 3-uur die middag gehou. Behalwe vrugte en groente, sal daar ook allerlei ander soorte lekkernye te koop wees. Almal is welkom.

VRYHEIDSDAG LYDENBURG

Die O.B.-kommando's van Lydenburg hou hul Amajuba-fees op 15 Maart by komdt. W. de Bruin. Brandwagte moet almal teenwoordig wees. Alle Republikeinse Afrikaners word hartlik uitgenooi.

Bedank Weens „Kommunistiese” Invloed

Omdat hy voel dat kommunistiese invloed besig is om beheer te kry oor die uitvoerende raad van die party, het eerw. C. F. Miles-Cadman as lid van die Arbeidersparty bedank. Hy het die invloed reeds drie jaar gelede begin bemerk, het hy verklaar. Dit is die derde lid van die party wat binne kort tyd bedank het. Hy sal voortaan as 'n onafhanklike in die volksraad optree.

Duitse Vaklui Wil In S.A. Bly

Die regering het besluit om die 520 Duitse seelui wat gedurende 1939 en 1940 op skepe gevange geneem is, nie voor die einde van die huidige Europese winter na hul vaderland te repatrieer nie. Die Duitse seelui is tot die einde van Januarie in die Baviaanspoort-kamp aangehou, maar is sedertdien vrygelaat.

Onder hierdie manne wat gerepatrieer moet word, is daar etlike hoogsbevoegde vakmanne. Die meeste van hulle het aansoek gedoen om in die Unie te bly. Die regering het egter nog nie op hulle versoek geantwoord nie.

Voer Dalk In Van Japan en Duitsland

Britse tekstieluitvoerders voel besorgd oor die moontlikheid dat handel in katoen- en wolware tussen Japan en lede van die Britse Statebond dalk hervat kan word. Die vrees spruit voort uit die Suid-Afrikaanse voorneme om die invoer van Japanse tekstielgoedere toe te laat.

Die Departement van Handel en Nywerheid het handelaars in die Unie in kennis gestel dat aangesien die toevoer van tekstielware uit die Verenigde Koninkryk nie onmiddellik sal verbeter nie, ander bronne van toevoer gesoek moet word.

Daar is verklaar dat dit moontlik is om hierdie stowwe deur regeringskanale van Japan en Duitsland te verkry.

BETAAL VAN BRUIKLEENSKULD. — Die Unie gaan die bruikleenskuld aan Amerika kontant betaal in twee halfjaarlikse paaimente. Dit bedra £25 miljoen.

Stuur u POSBESTELLINGS vir

- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTE

na

SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekerers


Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EIERE en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Postbus 7185) Newton



WEES BESKERM!

INBRAAK-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE
TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie

TOT U DIENS . .

Geldenhuis Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklas-
sifiseerde Advertensies.

Spesiale Aanbod in

DAMESHANDSAKKE

Egte leer, met leer uitgevoer.
teen presies die prys wat u.
wil betaal.

KOM SEKER NA

Steyns


DIE MODEWINKEL
PAROW

STUDEER U?

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
KAN AL U STUDIE-BOEKE
VOORSIEN!

Wetenskaplike Boeke oor die volgende
onderwerpe is nou in u EIE TAAL
beskikbaar

Wiskunde:



ANALITIESE MEETKUNDE

VAN DIE PLAT VLAKE
deur Prof. D. J. van Rooy
20/6 posvry

Physiologie:

MENSLIKE PHYSIOLOGIE

deur Dr. H. E. Brink
Deel I en II — 21/- elk
posvry

Opvoedkunde:

• INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE

deur Prof. dr. J. C. Coetzee 15/6 posvry

Bantutale:

• INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN SUID-SOTHO

deur Prof. dr. B. I. C. van Eeden . . . 12/6 posvry

Soölogie:

• DIE ONTLEDING VAN DIE KONYN

deur Dr. C. Grobbelaar 13/9 posvry

Regsleer:

• INLEIDING TOT DIE ALGEMENE REGSLEER

deur Prof. L. J. du Plessis 3/- posvry

Ekonomie:

• INLEIDING TOT DIE EKONOMIE

deur Prof. C. G. W. Schumann en Prof.
D. G. Franszen 20/6 posvry

VRA OM VOLLEDIGE LYSIE

Pro Ecclesia-Boekhandel
Posbus 29 STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 12 MAART 1947

Eers Stemvee Dan Werkers

Hoe meer daar oor die regering se immigrasieplan gepraat en gedink word, hoe groter blyk die skandaal. Genl. Smuts het verlede week twee verklarings gedoen wat 'n verdere onderstreping is van ons beskuldiging dat die hele skema gemik is op die invoer van stemvee vir die regerende party. Ten eerste het hy erken dat „van ons beste nedersetters van Duitse oorsprong is”, maar daaraan toegevoeg dat ondanks hierdie aanbeveling, geen Duitsers in die nabye toekoms toegelaat sal word nie. Tweedens het genl. Smuts gesinspeel op 'n latere toelating van Duitsers „wanneer die lig die duisternis in Europa vervang”. Dit stem ooreen met die Administrateur van Suidwes se uitlating onlangs dat naturalisasie van Duitsers later weer hervat mag word.

Die feite is dus kortliks dit dat die regering in beginsel bereid is om Duitsers tot die land toe te laat, maar nie NOU nie — eers later. Dit word gedoen ondanks die erkenning dat die Duitsers van ons beste „nedersetters” is en ondanks die tekort aan tegniese kragte, waarvan daar in Duitsland 'n oorvloed is, maar waar die room intussen deur Amerika en Engeland afgeskep word solank Suid-Afrika sit en wag vir „later”.

EERS STEMVEE

Op watter grond kan die regering so'n dwase beleid volg? Is dit haat? Nee, want die Unie kan seker tog nie meer haatdraend wees as Engeland wat die volle gewig van die Duitse oorlogspoging ondervind het nie. Om goeie „nedersetters” uit die land te weer tot later, kan maar net die beleid wees van 'n party wat bang is dat sy stemkrag verlore kan gaan. Voordat die goeie Duitse nedersetters toegelaat word, moet die regerende party eers sorg vir 'n groot voorsprong op die teenparty. Hy moet eers stemvee, „honderdduisende, miljoene van hulle” — genl. Smuts se woorde — uit Engeland invoer, „goeies en slegtes”, om sy partygeledere te kom versterk. Daarna kan goeie Duitsers ingevoer word om te kom werk vir die „social security” van genl. Smuts se miljoene „slegtes” wat Engeland uit die nes skop. Daarom ook die ywer om „slegtes” saam met die goeies in te bring, want die stem van 'n slegte het presies dieselfde waarde as die stem van 'n goeie.

NET TWEE JAAR

Genl. Smuts weet dat sy stemvee uit Engeland net twee jaar nodig het om te kwalifiseer as kiesers. Wen hy die volgende verkiesing, wat dr. Malan se skeurbeleid hom waarborg, kan hy in die volgende drie jaar genoeg stemvee invoer om sy posisie te verstewig teen moontlike latere Duitse immigrante wat vyf jaar nodig het om stemgeregtig te word. Daarom moet daar eers „goeie en slegte” immigrante uit Engeland ingevoer word, en later kan dan „van ons beste nedersetters” uit Duitsland toegelaat word. Eers stemvee, dan broodwinners. Dit is die rede, want ons weier om aan te neem dat die Suid-Afrikaanse Engelsman met groter haat teenoor die Duitsers vervul is as hul stamgenote in Engeland en Amerika.

Fonds Teen Fonds

SEN. BASNER vra £60,000 vir die stigting van 'n party vir alle rasse en om die wêreld in te lig oor wat „werklik” in Suid-Afrika aangaan.

PERSKOR bied £70,000 in 5s.-aandeel aan om vir elke rasbewuste blanke in Suid-Afrika te vertel wat die werklike bedoelings van sen. Basner is.

ELKE O.B.-LID WORD LID VAN PERSKOR IN 1947.

Vir besonderhede vra dr. P. J. Meyer, Posbus 4892, Johannesburg.

Salazar Sal Nie Padgee

Dr. Salazar, eerste minister van Portugal, het sy verbasing uitgespreek oor die kritiek wat in die buiteland op sy bewind uitgespreek word. Hy het beklemtoon dat sy regering nie sal padgee nie.

„Sommige mense beskou ons nog as 'n diktator wat deur 'n enkele party ondersteun word, ondanks die bestaan van 'n grondwet wat op 'n volkstemming gegrond is, en ondanks die feit dat die hoof van die staat deur die volk gekies word”, het hy gesê.

(Vervolg van kol. 5)
'n Kopie van die boek „Sonder Gewere”, wat deur hoofkomdt. Joubert aan die Kakamas-kommando geskenk is, is opgeveel en het die mooi bedrag van £7-1-9 opgebring. — (Eie berig).

KANONEILAND

Kanoneiland het Vryheidsdag gevier en £24 ingesamel. Die distrikte Kenhardt en Gordonia word nog geteister deur 'n swaar droogte, terwyl ruspes die boere se lusern verniel langs die rivier, berig ons korrespondent. Hoofkomdt. E. J. H. Smith, organiseerder, het ook 'n vrugbare toer deur die afdeling gemaak.

Van Kaap tot Limpopo Rondom Vryheidsvure

Die Vryheidsvlam op Amajuba het vanjaar met besondere krag gebrand. Swaar onweerstemming, met stralende weerlig en die gerol van donderweer, het die spanning verhoog. Klokslag nege-uur het die vlam op die kruin van Amajuba in die hoogte geskiet, asook die stapel by die hoofkwartier onderkant die berg. Dwarsoor Suid-Afrika, vanaf Noord-Transvaal tot in die Suide van Kaapland het vlammeende vuurstapels op 27 Februarie die nagdonker verlig en geantwoord op die roepstem van Amajuba.

Die Ossewabrandwag het Vryheidsdag met groot luister gevier. Rondom Amajuba-berg het 'n groot aantal feesgangers saamgetrek. Die Natalse dames, veral die vroue van Utrecht, het etes aan die feesgangers bedien en meer as £25 geën. By hierdie fees was genl. C. A. Pienaar, wadmajoer Otto Peters en verskeie ander offisiere aanwesig.

PRETORIA

Nadat die vryheidsvure op die aand van 27 Februarie rondom Pretoria hoog opgevlam het, is die viering van Vryheidsdag op Saterdag, 8 Maart, deur Pretoria-generaal-skap te Klipkoppies voortgesit.

Die verrigtinge het vanjaar groter belangstelling as gewoonlik gewek.

Om 4-uur het Kommandant-generaal dr. Hans van Rensburg en ds. S. J. Stander tussen die erewag binnegekom. Hulle is na vlaghysing deur genl. Kobie Marais verwelkom.

Die verrigtinge van die dag is opgeluister met verwelkoming van die kamerade wat onlangs losgelaat is uit die Sentrale Gevangenis Pretoria, waar hul offers jarelank op die volksaltaar gelê het. Hulle was eregaste van die dag en die aanwesiges het op gepaste wyse hulde gebring aan hierdie dapper volkshelde. Brandwag Botha, een van die oud-gevangenes, het dieselfde dag in die huwelik getree en die troupaar is gesellig op die feestereen onthaal.

Die feesgangers is die middag op besielende wyse toegesprek deur ds. Stander en in die aand deur dr. Van Rensburg.

Nadat godsdienst gehou was, het die fakkels die terrein binnegekom en is die vryheidsvuur aangesteek.

VRYSTAAT

WESSELSBRON het die vure laat brand op die plaas van mnr. H. Maartens. Die opkoms was besonder goed en daar het besieling uitgegaan van die verrigtinge. Baie Afrikaners wat buite die O.B. staan, was aanwesig. Die vryheidsvuur wat op die koppie aangelê was, het hoog gevlam.

Meer as 130 Afrikaners van SENEKAL het op 27 Februarie Vryheidsdag herdenk. Braaivleis, sosaties, pannekoek, ens., het nie ontbreek nie. Die verrigtinge het plaasgevind onder die leiding van oom Carel Cronjé.

Gelei deur tien dogters met brandende fakkels het die brandwagte uitgetrek na die houtstapel. Tegelyk met die vuur op die koppie, is 'n vuur op die kruin van die berg in die nabyheid aangesteek. Op die funksie is sowat £33 ingesamel.

ELLIOT

Ten spyte van die vloedgolf koning-histerie het Elliot Vryheidsdag met groot luister gevier. Die funksie het reeds die oggend 'n aanvang geneem op

die plaas van mnr. L. van der Walt. Jukskei en ander spele was aan die orde van die dag. Die vroue het deur hul ywer £25 ingesamel.

HEILBRON het Amajubadag vanjaar op Tafelkop en Rondebos gevier. Die regte O.B.-gees het weer geheers. Presies om nege-uur het die Vryheidsvlamme hoog gebrand.

Ongeveer 200 Afrikaners het die fees wat te Rensburgdorp, HEIDELBERG, Tvl., gehou is, bygewoon. Daar was 'n besonder sterk verteenwoordiging H.N.P.-lede, asook etlike regeringsondersteuners en 'n aantal soldate in uniform.

Die boerwors en ander lekkernye het fluks verkoop onder die bekwame leiding van hoofkomdt. Gouws en haar helpers. 'n Besonder stywe bedraggie is ingesamel tot stywing van die fonds.

Die gedissiplineerde optrede van die O.B.-wag onder die strenge toesig van komdt. Frikkie Rosslee, was beslis 'n openbaring vir menige toeskouer en ook 'n riem onder die hart vir die aanwesige Brandwagte. Etlike persone wat 'n aantal jare in die interneringskamp was, is ook opgemerk. Onder hulle was oud-veldkt. Nic Pretorius en mnr. Louw.

Die feesprogram het 'n aanvang geneem met Skriflesing deur brandwag Neethling. Die K.G. se hoodskap is deur kommandant Rosslee voorgelees.

AAN DIE VOLK

Die organiseerder van Gebied E, hfkomdt. W. de Wet, het opgetree as spreker en het in 'n kragtige toespraak gewys op die betekenis wat Amajuba vir die volk en vir die Ossewabrandwag het. „Amajuba-berg behoort aan die O.B., maar Amajuba, die dag en die daad, behoort aan die Boerevolk. Die O.B. het 'n eed geneem om dit vir die volk te bewaar”.

BOSVELD

NABOOMSPRUIT (F10a2) het 'n pragtige fees gevier op die O.B.-terrein aldaar. Die verrigtinge is met groot sukses deurgevoer. Hfgnl. Gibson was ook teenwoordig.

Die Boerejeug het 'n groot aandeel in die verrigtings geneem. Om presies nege-uur is die vuurstapel aan brand gestee. Met die aanskouing van die Vryheidsvlam het daar nuwe besieling tot die omstanders uitgegaan. Byna £75 is hier ingesamel.

Ook ZWARTRUGGENS het die Vryheidsvlam vanjaar hoog laat brand. Hfkomdt. C. J. Blom het 'n besielende toespraak gehou. Hy het die stryd van die Afrikanervolk teen Albion op treffende wyse geskilder. Eers was dit Amajuba, daarna die Tweede Vryheidsoorlog. Maar die indringers is nie in staat om die vryheidsvlam van die Boer onder te bring nie. Hulle vrees hierdie drang, het spr. gesê. Die aan-

wesiges is met nuwe besieling uitmekaar.

GENL. OPPERMAN

MAQUASSI het ook 'n groot funksie gehad. As spreker het opgetree gebiedsgenl. J. G. S. Opperman. Genl. Jannie Wentzel was ook teenwoordig.

Op CHRISTIANA, waar ook 'n mooi opkoms was, het genl. Barry Grobler as spreker opgetree.

Ook PAARL, STELLENBOSCH en WELLINGTON het die Vryheidsvlam vanjaar met nuwe hoogtes sien brand. Sprekers op Paarl en Stellenbosch was onderskeidelik oud-regter C. L. Botha en gebiedsgenl. dr. F. d. du Toit van Zyl.

Die vier kommando's van komdt. Faan Delport, Danie Villiers, mev. Du Toit en De Wet van CALEDON het fees gevier op Middeplaas, die eiendom van hfkomdt. Kootjie Viljoen. Die fees het plaasgevind onder leiding van komdt. De Villiers.

Daar was heelwat andersdenkendes by die verrigtinge teenwoordig. Hfkomdt. W. R. Laubscher het as spreker opgetree. Die Boerejeug het ook 'n aandeel in die verrigtinge geneem. Onder meer het hulle volksliedere onder leiding van veldkte. Fouché gesing.

WILLOWMORE se Vryheidsvuur is op 27 Februarie onder leiding van komdt. Olivier op die plaas Rooibloem aangesteek. Die fakkels is deur klein Pietie (seuntjie van die adjudant) gedra. Almal het aandagtig geluister na die voorlees van die gelofte, hul hout in die vuur gegooi en stil huis-toe gekeer. Op 1 Maart is toe weer byeengekom vir 'n funksie waar £27 2s. ingesamel is. Sommige kollektelyste is egter nog uitstaande. Komdt. Olivier het die aand 'n toespraak gehou.

„Die Vryheidsvuur naaste aan die Limpopo, te COLINTON, het gebrand — ons het £18 gemaak en is baie dankbaar daarvoor — die hele Bosveld-kommando is nog in die greep van 'n lang droogte, en baie brandwagte was so verhinde om te kom. Oor kommando het vier swaar jare agter die rug, maar ons leef nog en sal leef tot ons volk weer saam werk en al ons vriende agter die tralies weer om die Vryheidsvuur kan vergader”, srkyf mev. J. S. Oosthuysen.

LANGS ORANJERIVIER

Vanaf Groblershoop tot by Onseepkans, 'n afstand van oor die 200 myl, is Amajuba-dag vanjaar op plegtige wyse herdenk.

Veral in die omgewing van Kakamas was dit 'n indrukwekkende skouspel, om op al die hoogste koppe vir 'n baie groot afstand langs die rivier die Vryheidsvure te sien brand.

Kakamas het hulself gelukkig geag om komdt. E. J. H. Smith, organiseerder, in hul midde te hê, wat ook as spreker opgetree het.

(Vervolg in kol. 2)

Ontevredenheid Met Keeromstraat

Boikot Afrikaners Maar Ry Saam Met Die Koning

Daar heers nog groot ontevredenheid oor die houding van die H.N.P.-pers in verband met die besoek van die Britse koning.

Anders as Die Transvaler, wat sy boikot-beleid teen mede-Afrikaners ten minste ook toepas op die koninklike propaganda-toer, gaan die blaai van die Keeromstraat-groep uit hul pad om propaganda vir die koning te maak. Nie alleen het hulle, en veral Die Burger, die koms en aankoms van die koning met groot ophef aangekondig nie, maar toe die koning uit Kaapstad vertrek het, het Die Burger 'n spesiale verteenwoordiger met hom saamgestuur wat op elke dorpie en elke kafferstat gretige nuus aangaande die koning en sy verwelkoming versamel en dit oorsien na Keeromstraat, waar dit met net soveel gretigheid wêreldkundig gemaak word.

Hierdie houding steek skerp af by die blad se weiering van alle O.B.-toesprake — selfs antwoorde van dr. Van Rensburg aan dr. Malan oor die kwessie van samewerking, al word dit deur sy eie korrespondente aan hom gestuur.

NEEM DEEL

Hierdie opsweping van die Afrikanerlesers tot koningshistoriese bly dan ook nie sonder gevolge nie. Die belangstelling in die koninklike reis, wat alreweê erken word as 'n poging om die Britse konneksie te versterk, word so gaande gehou deur hierdie koerante dat die berigte oor die koning die heel eerste hul aandag geniet. Op koersagtige wyse word by aankoms van die koerant deurgeblaai om te kyk waar die koning nou is en wanneer hy in die nabyheid kom. In nog groter koersagtigheid word dan uiteindelik afgesit na die naaste plek om deur hul teenwoordigheid hulde te bring aan die veroweraarskroon.

NET WAT BRITTE WIL HE

Republikeinse kringe wys daarop hoe die Engelse pers en radio veral die teenwoordigheid en eerbewyse van Afrikaanssprekendes wêreldkundig maak. Dit is deel van hul metode om die Britse bande vaster te knoop en Afrikaners aan te moedig om saam te gaan met die stroom. Deur nou saam te speel met die Engelse pers in die propagering van die koning, help Die Burger en sy susterblaai om die Britse doel te laat slaag.

Die feit dat hierdie houding so skerp afsteek by dié van Die Transvaler, wat darem ten minste konsekwentheid openbaar met sy beleid van boikot, laat die ontevredenheid teenoor die Keeromstraat-klied nog hoër opvlam. Republikeinse organisasies word deur hulle geboikot, so word verklaar, maar as die verspersoonliking van die Britse oorheersing sy verskyning hier

maak, word uit die pad gegaan om selfs 'n verteenwoordiger met hom saam te stuur sover as wat sy propagandareis strek — dan is Sapa nie eens meer goed nie, hoewel Sapa goed genoeg is vir die mynwerkers.

In dié verband word verklaar dat dit duidelik is dat die re-

publikeinse ideaal vir Keeromstraat net 'n saak van partyoorweging is. Dit sit maar aan die bors gespelde. Daarom dat 'n man soos adv. J. G. Strydom van Transvaal, hoe verbitterd ook teen mede-Afrikaners, darem sy republikeinse hart getrou bly deur geen koningsfunksies by te woon nie. Die Keeromstraat-leiers daarenteen het geen beswaar om die koning se heil te drink nie.

Hofmeyr Onderskat Rykes se Aptyt Pynlike Misrekening In Begroting

Min. Hofmeyr se rykmansbegroting wat negentig persent van die verminderde belasting in die skoot van die goudmyne, die nywerhede en handel laat val het, begin nou sy eie pers kwel.

In 'n poging om te beduie dat min. Hofmeyr eintlik die gewone belastingbetaler in gedagte gehad het toe hy aan die handel 'n belastingverligting van £8½ miljoen gegee het, skryf die Cape Argus dat die bedoeling was om die winkels tot laer pryse te beweeg, sodat die gewone man goedkoper kon koop, en dus deel sou hê aan die miljoene verligting wat nou die sakke van die ryk besighede gaan vul.

Die blad het in die hoop dat hy kon aankondig hoe 'n groot baat die gewone man gaan vind by die verwagte prysverlaging, 'n verslaggewer uitgestuur na die grootste besighedsondernemings in die stad om aan hulle die vraag te stel omtrent prysverlaging. Die antwoord was feitlik deur die bank dat hulle nie daaraan dink om pryse te verminder nie! Een het ewe ondankbaar te kenne gegee dat net 'n oorstrooming van die mark uit die buiteland daarin sal slaag om die pryse af te dwing.

KRY NIKS

„Nie 'n stukkies van mnr. Hofmeyr se appel gaan in die

„Lofale Vrystaat”

Die Volksblad, wat Die Burger in sy koningspropaganda getrou bygestaan het, sou seker met waardering kennis geneem het van die volgende berig in die Engelse pers oor die koning se aankoms in die Vrystaat:


„Die koning het gistermiddag uit Kaapland die nasionalistiese Vrystaat binnegegaan om 'n luidrugtige en gulle ontvangs te ondervind, wat die Jeremias wat die teenoorgestelde voorspel het, verbaas het.

Dit was 'n lojale sowel as 'n rojale ontvangs wat die koning oorkant die Oranjerivier ingewag het. Ons op die loodstrein was sekerlik nie voorberei op sulke luidrugtige menigtes op elke stasieperon en elke sylyn nie”.

Siedaar die gevolge van 'n Afrikaanse blad se koningsverheerliking!

DIE KUNS VAN DIE MEESTER . . .

Die kok se kennis bepaal
die waarde van U maal
. . . 'n Soortgelyke
deskundigheid verseker
U van die waarde van
Kommando-sigarette.



RONDE
Kommando
-SIGARETTE

OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES

L.M. 2367

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellus
weekliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR
EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie
kwaliteit Meubels in
voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

G. A. FICHARDT, Bpk.

(Eld Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opperlig 1848

BLOEMFONTEIN

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste !!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middag-
rokke aan.

Lo- en Fremode Kostuums - - -

VAN ZYLS

Hoofstraat - - - Paarl

STAKING AAN RAND

Die staking van mynwerkers aan die Rand teen die toestand in hul vakbond dat betaalde amptenare stemreg het in hul bestuur, en sodoende 'n minderheid teenoor die meerderheid kan handhaaf, het hierdie week sy agste week ingetree.

Toe ons ter perse gegaan het, was daar 'n sterk vooruitsig dat 'n skikking getref sou word deur bemiddeling van die Gesamentlike Mynvakbond. Die bestuur van die Mynwerkersbond het reeds die voorstelle aanvaar, terwyl die bestuur van die Verenigde Mynwerkers Maandag sou besluit het.

Die voorstelle eis o.a. beskerming teen viktimisasie van werkers wat gestaak het, en

versoek dat 'n kommissie van ondersoek aangestel moet word wat die verkiesing van skagverteenwoordigers op die hoofraad moet reël, en toesig hou oor 'n stembus van die lede van die Mynwerkersbond oor wysiging van die konstitusie.

BRITS-FRANSE VERDRAG

— Om die wurggreep om Duitsland te voltooi, het Frankryk en Brittanje 'n militêre, politieke en ekonomiese verdrag vir 'n duurt van 50 jaar geteken. Die verdrag het ten doel om moontlike toekomstige aggressie van Duitsland die hoof te bied en is in Duinkerken voltrek om die Britse nederlaag aldaar te bedek.

DAMES-
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

UNIEWINKELS

— Beperk —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Haushoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisies:
Enkel plasinge (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B.,** Posbus 28, Stellenbosch.

HUWELIK

Vir Partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapse adrese Afrikaner-Koffiehuys (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

AGENTSAPPE

VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAP- PY BEPERK. Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame diens aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by **POSBUS 48,** Foon 9-7222. 27/11/TK

BETREKking VAKANT

STOORMAN. — Motorspaardelestoorman. Groot en vooruitstrewende onderneming. Uitstekende vooruitsigte vir regte persoon. Moet kennis hê van motorparte, reklame en inkoop. Indien moontlik gedurende Maart diens te begin. Doen aansoek: **ROELOU BARRY (EIENS.) BPK.,** Robertson. 5/3/3

PANEELKLOPPER. — Eersteklas man. Bereid goeie loon te betaal. Huis beskikbaar. — Doen aansoek: **ROELOU BARRY (EIENS.) BPK.,** Robertson. 12/3/3

BETREKking GEVRA

Jong getroude man, tans hoofklerk in uitgebreide besigheid, met grondige klerikale kennis, soek betrekking by Afrikaner-besigheid. — Doen aansoek: **BETREKking, Bus 28, Stellenbosch.** 5/3/2B

Jong getroude man soek betrekking by georganiseerde Afrikaner-onderneming. Het grondige kennis van klerikale werk, koop van vrugte en kan werkmense beheer. — Skryf aan: **DIE O.B.,** Posbus 28, Stellenbosch. 5/3/2B

BELANGRIK VIR DAMES

PETRONELLA, Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. — Aandrokke, Somfrikostuums en Rokke. Georgette Aand- en Dagbloese. Pragtige gestrepte Bloese. 29/1/TK

BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELS. — Pragtige gesonde, vars graad I-tafelaartappels teen 20/- per 153 pd., 10/6 per 80 pd. of 4/9 per 35-pd.-sakke. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. Leë sakke terug. — **S. W. RABIE, Kommandant,** Bus 328, Bethlehem. 26/2/TK

AARTAPPELMOERE. — Baie goele Arran Chief-Moere om dadelik te plant teen 22/6 vir 153 lb. Gelewer George-stasie. — **J. A. MEYER, Blanco.** 5/12/2B

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:
Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Sulderkrul en Reliance Bloemkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarsaad 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van **PREMIERS, Schoemanshoek, Oudstroom.** 11/12/TK

NEW MOON-SAAD. — Regering-gesertifiseerde. Onmiddellike aflewering. Beet: Detroit Dark Red 7/6; Flat Egyptian 7/6; Uie: Early Cape Flat 7/6; Australian Brown 6/6; Copper King 10/-; Silver King 12/-; Tamaties: Marvel 17/6; Marglobe 32/6; Beauty 32/6. Wortels: Chantenay 8/6. Groen Hubbard Squash 11/6; New York Lettuce 17/6; Anys 4/6; Kollander 1/6; Early Fortune-Komkommer 8/6. Alles per pond. Pronkertjies, gemengde kleure, 1/3 per ons. — Skryf aan: **NEW MOON SEEDS, Posbus 116, Graaff-Reinet.** 5/3/4

USERS aangebied teen markprys. Telegrafer hoeveelheid nodig en ek sal prys opgee, gelewer Eastpoort. K.M.B. — **N. WIENAND, Pk. Eastpoort.** 26/2/8

UESAAD. — Eersteklas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — **GERT VAN ROOYEN, Louterwater, Uniondale.** 12/3/TK

VRUGTEBOME, ROSE Vir JULIE— AUGUSTUS-Planttyd 1947. Dink vooruit. — Voorkom teleurstelling, plaas u bestelling nou. Pryslyste gratis. **HERHOLDT se BOOMKWEKERIE,** Posbus 660, Johannesburg. BB/11/12/TK

VARS GESERTIFISEERDE GROEN-IESAAD. — Per ½ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 8/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waalemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 8/-; Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Flat Egyptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., 4/9. Volledige pryslys van: **KAROO-SAADVERSPREIDERS,** Posbus 107, Oudstroom. 19/2/4B

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektriese- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodigdhede; ankerwikkling; elektriese herstelwerk aan motors, draai-pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/TK

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur **GELDENHUIS SE INGENIEURSWERKE,** Wynestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: **D. J. Geldenhuys.** Foon 989139.

DEKRIET. — 25,000 bosse, 9—10 dm. rondom. Meld prys en besonderhede van aflewering aan: **DS. E. C. ANDERSEN,** Hoofweg, Ceres. 12/3/2

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste diens by **VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL,** Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pylare, Vloerteels, Voertroe, Eniglets in beton. — Direkteure: **P. W. en P. G. VAN HEERDEN,** Potgieterstraat 258, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde klierse werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede. **AERIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN.** 7207/4/B

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.**

HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek **ELS'S HAARKAPPER SALON,** Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eelgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — **P. PRETORIUS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek **STEYN,** posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkwinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende diens, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak kiere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer **F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW.** 5805/52

SWART, voorlopig hoek van Merri-man en Cookstrate, VASCO. Die Kleremaker met 'n reputasie. Hou dop vir sy nuwe adres.

KENNISGEWING

HIERMEE word kennis gegee dat ek nie meer by die firma W. Voigt (Eiens.) Bpk., Hugenoot, betrokke is nie. **GEORGE VOIGT, 14/3/1B**

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van **UNIKA MEUBELS (Eiens.) BPK.,** en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriastraat 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philipsgebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

TE KOOP AANGEBIED

EIENDOMME te Potchefstroom. — As u 'n melkplase onder die permanente stroom van die Moordrivier wil koop of 'n erf op die teerpand, vyf myl uit die dorp, of 'n gerieflike woonhuis by die skool en Universiteit, skryf dan aan: **G. A. LIEBENBERG, Alabama-Agentskap, Pk. Noordbrug, Potchefstroom.** 26/2/3

HOUT. — Eersteklas gesaagde dennenhout vir bouery. Doen aansoek: **J. A. MEYER, Blanco.** 19/2/4B

Koning en

Kampe

Mnr. Z. F. de Bruyn, Westminister, skryf: Ek wou u net vra of dit nie moontlik is om die Vrouemonument aan die Britse koning te gaan wys van die 27,000 vroue en kinders wat in kampe doodgemaak is nie. Ek hoop as hy dit sien, hulle nie meer so wreed op Duitsland sal wees nie. Dan sal hy ook iets hê om aan te dink. Van my lê daar ook kinders begrawe. Hulle het gesê hulle neem die kinders en vroue kamp toe omdat hulle nie kos op die plase het nie. Maar van my het hulle 3,500 skape en 300 beeste gevat — sommige beeste het my soveel as £80 stuk gekos. Ek is al tagtig jaar, maar ek sal hul optrede nooit vergeet nie. Wat my aangaan wens ek die koning nooit te sien of van hom te hoor nie. Engeland kan maar stilby oor die wreedheid van ander.

VERJAARDAGKETTING

12—30 MAART

2 MAART: Francis du Toit, Loxton; Johanna Marais, Loxton.
3 MAART: Jacobus Bezuidenhout, Kroonstad.
13 MAART: Marjorie Swanepoel, Noorder-Paarl; Johanna Watson, Johannesburg.
14 MAART: Rita Burger, Brandvlei; Gertruida van Rensburg, Loxton; Izak van Zyl, Paarl; Christine Vermeulen, Luckhoff.
15 MAART: Christine Botha, Stellenbosch; Gabriel Luttig, Paarl; Wilma du Plessis, Paarl.
16 MAART: Stephanus Kuhn, Robertson; Kosié Loubser, Malmesbury; Salomina van Rensburg, Kakamas.
18 MAART: Jurgens Hanekom, Paarl; Mavis Jooste, Loxton.
19 MAART: Christina du Toit, Middeburg, Tvl.; Josua Dykman, Paarl.
20 MAART: Sakkie Burger, Brandvlei; Estelle Grobbelaar, Fmuresmith.
21 MAART: Jacobus Krick, Frankfort; Johanna du Plessis, Paarl.
22 MAART: Christiaan du Toit, Welington; Miriam Barnard, Paarl; Petronella Watson, Johannesburg.
24 MAART: Johanna Naudé, Frankfort.
25 MAART: Merle Strauss, Frankfort.
26 MAART: Mimi de Koker, Stellenbosch.
28 MAART: Willem van der Merwe, Paarl.
29 MAART: Abraham Hoffman, Luckhoff.
30 MAART: Anna Marla Steyn, Buurmidsdorp.

TE KOOP

SOUT. — Aandag Boere!! Ek vra u vriendelike ondersteuning. Al £2-19-0; No. 1 £2-11-0; Veesout No. 2 £2-9-0 per ton. As dit moontlik is, stuur lê sakke terug. 1/- afslag per sak. — **MEV. F. DE BEER, Pk. Florisdorp.** 5/2/8B

Een eersteklas tentkat met goele tuie, £55; Een „Canadian Wonder” drieskaar-ploeg, £15; Een Skotskar in goele kondisie, £15; Een roomfaskeler — bak kan 2 gellings neem, £7; Een vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrikaans-kop-stasie of verkrygbaar en op sig by **R. OOSTHUIZEN, Kestell.** 13/11/10

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: Al 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. **J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisdorp.** 32B

TE VERRUIL. Pragtige ruim woning op die Paarl vir 'n woning op Stellenbosch. — Doen navraag by **HUIS, p/a. Posbus 28, Stellenbosch.**

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beemmel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beemmel. — **S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.**

RADIO

LOUW EN LOUW, die Berenard-Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkooop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëteits-annemers. Foon 9-8435

TUIE

TUIE van gebreide beesvel vir kar, wa of ploeg met Bokveltriempies gewerk en Kipleervoering. Alleen die beste materiaal word gebruik. Pryse bliklik. V.O.S. Kalabaskraal. Al die eerste pryse behaal op die Moorreesburg, Porterville- en Malmesbury-tentoonstellings. Skryf om besonderhede. — **J. A. LOUW, Tulemaker, Philadelphia.** 5/3/3B

VENNOOTSAP

Jong getroude man, met £500 tot £700 tot beskikking, wil graag by Afrikanersaak belê as vennoot. — Doen aansoek: **VENNOOT: Bus 28, Stellenbosch.** 5/3/2B

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Het Ons Meegedoen

Mnr. J. S. Marais, Malmesbury, skryf:

Nou dat die wit trein uit die Boland vertrek het en die rumoer, veroorsaak deur die aankoms van die Vanguard, ietwat bedaar het, mag dit miskien goed wees as elke Afrikaner van die Westelike Provinsie op hierdie stadium 'n rukkje stilstom om aan homself verantwoording te doen met betrekking tot sy houding, denke en handeling gedurende die Empire-bewierking van die onlangse verlede. Moontlik sal vroeë soos die volgende hulle dan aan ons opdring:

(1) Was ek sedert 17 Febr. in diens van Suid-Afrika alleen, of het ek ook die Britse Ryk gedien? Bywoning van onthaal, ontvangs, dansparty, ens., is morele steun en dit is diens.

(2) Was ek een van die menigte wat reikhalzend gestaar het op die simbool van Britse oorheersing? So ja, dan was ek nie te onderskei van die vurigste Empire-aanbidder nie.

(3) Het ek maar net gaan kyk na die behangsels, beligting, modiese uitrusting van mense, verkeersreëling, optog, ens., terwyl die res van die saak my koud laat? Dan was die Empire-propagandamethode 'n sukses, want dan het hy daarin geslaag om my eerste dinge tweede te laat plaas. Dan was sensasiel en „mooi goed” vir my meer werd as my trou aan Suid-Afrika.

(4) Het my betrekking of posisie in die samelewing dit vir my onmoontlik gemaak om 'n uitnodiging na 'n ontvangs van die hand te wys? Dan was die ou Empire-middel van „eer” vir my te sterk en het ek geval soos andere oor wie ek miskien reeds om dieselfde rede 'n oordeel uitgespreek het.

(5) Het ek op Maandagaand (17 Febr.) met my motor gery, nie na Kaapstad nie, maar na 'n geskikte plek buite Kaapstad, om vir my kindertjies die vuurwerk te laat sien, sonder om self gesien te word? Dan het ek aan hulle gewys die vurige letters van Empire-verheerliking, geskryf teen die Suid-Afrikaanse sterrehemel. **EN HULLE SAL DIT ONTHOU.**

(6) Het ek in hierdie tyd genoeg gedink aan ons volksdigter en -vader, Totius, wat sy 70ste verjaardag belewe, of was die uitvoering van die program van die Britse koning te oorheersend in grootsheid?

(7) Het ek aan my kind vertel dat daardie kopermedalje 'n brandmerk op sy bors sal laat wat moontlik sy polsslag later sal beïnvloed?

(8) Het ek aan my kind vertel waarom daar 'n Bybel van 'n Afrikaner in Engeland was en waarom dit juis nou terugbesorg word?

(9) Het ek gehandel in ooreenstemming met wat ek altyd aan vriend en vyand verkondig het oor die koninklike besoek? Of het omstandighede skielik verander toe die wêreld se grootste slagskip op die horison verskyn het met die simbool van die wêreld se grootste imperiale ryk aan boord?

En as ek al hierdie dingetjies deurgedink het en my gewete begin my pla, dan het ek rede om myself te bestempel as een van die wat deur die koning van Engeland aangespreek word as „My People”.

Daar is nog honderdduisende Afrikaners in wie se nabyheid die koninklike geselskap sal verbyreis. Sal hulle ook meedoen en bydra tot bestendiging

van Afrikanerknagskap, van vreemdelingskap in eie land.

Die wit trein kom weer Kaapstad-toe. Ons kry 'n tweede kans.

In Lokale Tronk

Geskiet

Mnr. W. A. Willers, Pretoria, skryf:

In die uitgawe van Die O.B. van Woensdag, 19 Februarie, onder die rubriek „Republikeinse Afrikaners en Koningsbesoek”, lees ek dat u melding maak van die feit dat Jopie Fourie in die Pretoria Sentrale Gevangenis gefusilleer is.

Laat my toe om onder u aandag te bring dat dit misleidend is, want Jopie Fourie is in die Pretoria Lokale Tronk in Potgieterstraat geskiet en nie in die Sentrale Gevangenis nie.

Gedurende 1942 en 1943 is ek saam met 51 ander Boere in die Pretoria Lokale Tronk aangehou weens beweerde hoogverraad en die bewaarders, wat al jare daar werksaam is, het vir ons die plek gewys waar Jopie Fourie met sy rug teen die muur gesit het, asook die 7 nuwe stene wat ingelas is nadat die 7 koeëls hom deurboor het en in die muur agter hom gestuit het. Dit het vir ons gedien as monument elke keer as ons daar moes verby gaan.

Die veroordeelde politieke gevangenes word uit die Sentrale Gevangenis losgelaat.

„Lekkerlag-

Kommando”

(Vervoig van bls. 7)

niet, want kort-kort was 'n harde skaterlag uit die saal vir die spelers hier in die kleedkamers hoorbaar.

Eindelik was alles verby en toe ons reg staan om af te sluit, maak Piet Kotzé hard keel skoon en sê: „Kêrels, ek weet nie hoe julle voel nie, maar ek is baie bly dat ons hierdie ding aangepak en daarmee deurgedruk het. Ek kan vir julle maar een groot ding sê en dit is, dat hoewel ons nie soveel honderde ponde gemaak het nie, ek seker is dat ons 'n hegte band van kameraadskap hier gesmee het en in die toekoms sal ons somer baie dinge kan aanpak en saam deursoor. Nou lê nog net die twee kere wat ons dit nog moet opvoer voor. Hm, hm.”

Graag sal ons weer in die toekoms — al verg dit baie van ons tyd — so iets aanpak, want daardeur versterk ons nie alleenlik kameraadskap in ons Boerejeug-afdeling nie, maar ook is dit vir ons lekker om so saam te werk. — Boerejeug, JF4d2.

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence
EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.” VAN WOENSDAG, 12 MAART 1947.

ARBEIDSDIENS

Hoewel die grootmense glad nie uitgesluit is nie, is dit hoofsaaklik die jeug wat hom die beste kan vereenselwig met die ideale van die arbeidsdiens, en daarom dan ook dat dit die jeug van ons volksbeweging is wat daarin die voortou moet neem. Hierdie taak neem ons gewilliglik op ons skouers en gedurende die eerskomende skoolvakansie sal talle Boere-seuns weer op Amajuba laer trek en toon dat die arbeidsdiensgedagte by hulle erns is.

DIE BEROEPSARBEID

Wanneer ons praat van arbeid dan dink ons in die eerste plek aan dienslewering wat strek ten bate van die hele volksgemeenskap. Dit moet die strowe van elke volk wees om in al sy behoeftes self te kan voorsien deur eerlike beroepsarbeid. So vorm die hele volk een groot arbeidsgemeenskap waarin elke lid sy taak het en wanneer hy versuim om dit na die beste van sy vermoë uit te voer, dan ly die hele gemeenskap daaronder. Net so berus ook die huisgesin op arbeidslowering, of dit nou die werk van die broodwinner is, of dié van die huisvrou tuis, of die hulp wat die kind kan bied. Hierdie werk dien die huisgesin in die eerste instansie, maar d.m.v. die huisgesin staan dit ook direk in diens van die wyere volksgemeenskap.

Hoe anders is die kapitalistiese beskouing van arbeid nie! Daar is dit eerder 'n skande; 'n onaangename noodsaaklikheid wat slegs verrig moet word om nie gebrek te ly nie; 'n soort handelsartikel wat deur die geldbesitter opgekoop word ten einde nog meer geld te maak. Veral op die hande-arbeid word neergesien en die gevolg is dat die arbeider self later alle arbeidsdrotts verloor.

Lynreg teenoor hierdie waninterpretasie van die hande-arbeid, staan die idee van arbeidsdiens. Deur arbeidsdiens te verrig, toon ons dat ons geen arbeid minag nie, alermens die hande-arbeid, maar dat ons dit weer sy regmatige plek in die beroepsarbeid wil laat inneem, want solank sekere werk as „kafferwerk” bestempel word, en dan ook in werklikheid aan die naturel oorgelaat word, kan geen selfstandige blanke bevolkingsgemeenskap opgebou word nie.

NASIELIEFDE — NASIEDIENS

Waar die beroepsarbeid volksdiens is wat in die alledaagse lewe verrig word, is arbeidsdiens daardie volksdiens wat nog bo en behalwe hierdie werk gedoen word. Dis dus enkel diens sonder enige verdienste.

Die gesamentlike verrigting van arbeidsdiens hou veral groot opvoedkundige waarde in. Onbewus kweek dit die eenskappe aan van arbeidsaamheid, saamhorigheid, gedissiplineerdheid, verantwoordelikeit, kameraadskaplikeit, ens. Die oortollige energie van die jeug word in die regte rigting gestuur en ledige kragte word ingespan in diens van die volk. Dit bied bowe-al vir die jeug die geleentheid om 'n hoogstaande lewensopvatting in die praktyk uit te leef, want die jeug wil nie net luister na vroom praatjies oor nasieliefde en nasiediens nie, hulle wil dit uitleef in die daad!

In 'n sekere sin is al ons Boerejeugwerk suiwer arbeidsdiens. Dink maar aan die werk wat ons doen met die oog op insameling van fondse vir 8 Augustus en Vryheidsdag. Hierdie fondse word aangewend tot voordeel van die hele beweging en dardeer tot voordeel van die volk. Ander werksaamhede is direk diens aan die volksgemeenskap, soos b.v. noodhulpversorging. Vir die doel van arbeidsdiens word die jeugveldkornetskap omskep in 'n arbeidsleier met die veldkornet(te) as arbeidsleier of -leidster.

Hierdie nuwe waardering van die hande-arbeid dien om alle klasseverskille vir goed die nek in te slaan. Tegelykertyd kweek dit 'n vaardigheid daarin by die jeug en vorm hulle dus tot soveel nuttiger toekomstige burgers en burgeresse, wat dit hul strowe sal maak om huisgesinne op te bou wat so selfversorgend as moontlik sal wees, want watter groente smaak lekkerder as dié uit die eie tuin! Is Sussie nie baie meer in haar skik met die rokkie of trui wat sy self gemaak het nie? En hoe trots is Ouboot nie as hy self die fout by die draadloos of by moeder se koelkas kan herstel nie! Afgesien van die arbeidsgenot wat hierdie selfgenoegsaamheid meebring, kweek dit onwillekeurig die groot deug van spaarsaamheid.

By die praktiese uitvoering van arbeidsdiens word rekening gehou met die verskillende eise wat seuns en dogters stel. Die seun moet opgevoed en gedissiplineer word om eendag as landsburger en vader van die Boerehuisgesin sy plek vol te staan, terwyl die dogter terdeë voorberei moet word vir haar grootse roeping van vrou en moeder. Waar diensplig en landsdiens dus die meeste aandag in beslag sal neem by die seuns, sal die klem by die dogters hoofsaaklik val op volksorg en gesinsdiens. Oor hierdie twee rigtings van arbeidsdiens, nl. landsdiens en gesinsdiens, skryf ons later meer.

Handleidings Vir Offisiere

Boerejeugoffisiere wat nog nie 'n eksemplaar van „Die Boerejeug, Sy doel, Organisasie, en Administrasie” besit nie, moet hulle bestellings plaas by Boerejeug-hoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom. Die voorraad raak vinnig minder en dit bevat stof wat baie essensieel is vir elke offisier(e). 6d. per eksemplaar moet elke bestelling vergeesel.

Boerejeugdrag




VELDKORNETTE:

Romp: Dieselfde as die Asst. Veldkte., maar effens langer (sien uitgawe van 12 Febr.) Bloese: Toenekbloese, origens dieselfde as Asst. Veldkte. Das: Koningsblou das. Kopstuk, lyfband, skoene: Dieselfde as die Asst. Veldkte. Kouse: Swart sykouse (vir parades en offisiële byeenkomste).

Kentekens: Dieselfde as die Asst. Veldkte., plus die wapen as dasspeld. Trui: Hoewel nie deel van die uniform nie, mag 'n marineblou trui in koue weer gedra word.

VELDKORNET:

1. Broek: Kakiegroen („baratheo”-offisiërsstof) kort broek.
2. Hemp: Kakiegroen hemp; twee sakke met klappe; opgerolde moue; sagte boordjie; skouerlissies. Kakiegroen fluitjietou oor linkerskouer.
3. Das: Donkergroen das.
4. Kopstuk: Breërand kakiegroen hoed met regterkant opgeslaan met swart volstruisveer waarvan punt 1 dm. uitsteek.
5. Lyfband: Donkerbruin lyfband met borsband („Sam Browne”). Borsband oor regterskouer.
6. Skoene: Bruin skoene met lang kakie-sokkies.
7. Kentekens: (a) Sleutelsteen-teken word op beide kante van die hemskraag gedra. (b) Wapen word aan opslaankant van die hoed en voor op die das gedra.



BOEREJEUG-LAERTREKKE

Die volgende laertrekke word gedurende die April-skoolvakansie gehou. Vra u plaaslike offisiere om meer besonderhede.

BOESMANSRIVIERMOND — Seuns en dogters

29 MAART — 7 APRIL

A M A J U B A — Seuns-Landsdienslaer

29 MAART — 11 APRIL

Boerejeug Vier Vryheidsdag

Deur die hele land het die Boerejeug hul plek goed volgestaan met die viering van Vryheidsdag en was verantwoordelik vir menige hoogtepunt in die feesvierings.

Potchefstroom se Boerejeug, onder leiding van hul Veldkornet, het die organisering en propagering van die byeenkoms

aldaar geheel-en-al op hulle geneem en verdien alle lof vir die pragtige vertoning. Buite die dorp is vier groot vure presies om 9-uur aangesteek en in die stadsaal waar die byeenkoms gereël was, het die Jeugveldkornet om twee minute voor nege aangekondig: „Generaal, die Fakkel!” Daarna is die ligte afgeskakel en is die Vryheidsvlam ingedra tot by die verhoog deur Boere-seuns en aan Genl. Labuschagne oorhandig. Almal kon toe vir een minuut lank stip in die vlam kyk en hul gedagtes die vrye teuels gee. Twee Boerekleingood het weer die fakkel van die genl. ontvang en daarna het die Jeugleier die inlywing van sowat 25 Boerejeuglede waargeneem.

Robertson se Boerejeug het ook pragtig presteer. Nadat die fakkels in gereedheid gebring is, het die seuns en dogters in hul afdelings aangetree en met brandende fakkels na die houtstapel gemarsjeer, waar die assistent-veldkte. die vlam aan die generaal oorhandig het. Genl. M. F. Smith het nou die vuur aangesteek en een na die ander het die Boerejeug sy voorbeeld gevolg en dan weer ordelik aan die kant van die vuur aangetree. Na afloop van die verrigtinge het die seuns en dogters na hartelus geniet van die heerlike vrugte wat oral op die tafels uitgepak was.


Mooi so Potchefstroom en Robertson, en nou aan die werk vir Fondsdag en ons Amajubafondse!

RANGTEKENS


(Seuns en Dogters):

- (a) Rangband om linker bo-arm.
- (b) Twee akkerblare op elke skouerlissie.

RANGTEKENS



Rangband



Skouer

„Lekkerlag-Kommando” Op Die Verhoog

Onderstaande berig het ons uit Pretoria ontvang:

„Haai Hotnot vat gou hier. Toe jong hardloop, jy moes al in gewees het!”

Hier agter dans ou Grobbie rond van opgewondenheid wat slegs nou en dan bedaar as hy 'n glas koeldrank vinnig wegslaai.

„Piet jong, dink jy nie dat dit gaaf was sover nie? Ou Nelie sê dat die mense ons operasie so oulik gevind het. O wêreld! nou moet Lientjie gaan spit! Kleynhans gee gou die sand aan.... Toemaar jong, daar spit sy al klaar op 'n sak. Sjuut nou bietjie!”

Helder klink Lientjie se trillende stemmetjie deur die saal: „Hier het ek nou die hele bedding vir hom omgespit en hy gaan lê en slaap onder die appelkoosboom”. Om uiting te gee aan haar verontwaardiging, gooi sy die graaf met 'n bulderende lawaai neer en skop 'n slag woes in die rondte, maar o wêreld! daar trek die „bedding” in die vorm van 'n streepsak die verhoog af.

Die konsert waaraan soveel aande aan harde oefennig bestee is, was eindelijk in volle gang en hoewel ou Grobbie se ghitaar — toe hy moes speel om die kampvuur — taamlik vals was, het die gehoor dit blykbaar geniet te oordeel na die applous wat daarop gevolg het.

„Ou Stef jong, wat gaan ons nou doen? Die orkes het nog nie opgedaag nie!”

„O wêreld, dis ontsettend”, en Stefanie se oë rek by die volle besef van die pekel waarin hulle nou beland het. „Wie sal solank vir ons 'n voordrag lewer?”

Nou begin 'n naarsstiglike soektog na iemand.... Maar wat is dit?

Ou Stef slaag 'n diepe sug van verligting en begin toe al in die rondte dans, want daar was die orkes besig om „Suikerbossie” te speel.

Hoewel die saal nie so stampvol was as wat ons graag sou wou hê nie, het die mense wat daar was die aand blykbaar ge-

(Vervolg op bls. 6)

Franschhoek Kiekies

Boerejeug wat nog nie bestellings geplaas het vir kiekies van die Desember-laertrek op Franschhoek nie, moet dit dadelik doen. Daar is 'n stel van 6 teen 2/- en een van 12 teen 3/6 posvry, verkrygbaar by Boerejeug-hoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom.

SLEGTE IMMIGRANTE IS WELKOM SÊ SMUTS

'n Uitnodiging aan goeie sowel as slegte immigrante om in die komende jare na die Unie te immigrêre, is verlede week tydens die immigrasiedebat in die volksraad deur veldm. J. C. Smuts gedoen. Die onverskilliges kan ook maar kom, het hy gesê. Die Unie sal van hulle goeie burgers maak.

In die eerste jaar sal daar seker nie meer as 10,000 of 15,000 immigrante per jaar na Suid-Afrika gebring kan word nie, het spr. gesê. Dit is die instelling van die beleid wat tel. Oor tien of vyftien jaar sal die blanke bevolking aansienlik versterk wees. Die beleid wat jare lank gevolg is, is nou verander.

In Europa sal die immigrante van raad bedien word oor toestande in Suid-Afrika. Die wêreld bestaan uit alle soorte mense en onder die immigrante sal daar seker ook slegtes wees, maar Suid-Afrika sal van hulle goeie Suid-Afrikaners maak.

Destyds met die opening van nuwe geleenthede het daar tienduizende mense na die Unie gekom, het genl. Smuts gesê. Ons het ook nie van hulle gehou nie, ook nie van hulle gesigte en hul taal nie. Maar vandag is hulle almal goeie Suid-Afrikaners.

ALLE SOORTE

„Laat die immigrante dus maar kom uit alle materiaal — goeties, slegtes en onverskilliges”.

DUITSERS

Met verwysing na die moontlikheid van Duitse immigrasie het genl. Smuts verklaar dat niemand vandag Duitsers in Suid-Afrika wil hê nie. Hy het egter toegegee: „Van ons beste nedersetters is van Duitse oorsprong, en die tyd kan aanbreek wanneer die lig die duisternis in Europa vervang, dat ons die Duitsers uitnood hierheen”. Hy het gesê dat die vyand van vandag dalk more jou vriend kan wees. Mens moet net nie te haastig wees nie.

Tot sover genl. Smuts. Vir die gewone man lyk dit of die duisternis nie soseer in Europa lê nie, maar oor die Uniegebou.

OPROER IN PALESTINA.

— Terrorisme in Palestina het die afgelope week 'n nuwe hoogtepunt bereik. Verskeie Britse soldate is as gevolg van bomontploffings oorlede. Die krygswet word streng gehandhaaf. Die Britse owerheid maak daarop aanspraak dat hulle die vernaaamste leiers van die terroristes saam met 25 gearresterdes gevang het.

Smuts Weier Stappe Teen Indringing


Nieteenstaande die geweldige Indiër-indringing in Kaapland deur grondaankope, weier genl. Smuts om die wet op grondbesit van Asië van toepassing in Kaapland te maak, hoewel hy hulle vroeër daarteen gewaarsku het.

Volgens 'n ondersoek wat 'n tyd gelede deur Die O.B. ingestel is, het aan die lig gekom dat 207 persele ter waarde van £200,000 in 1946 deur Indiërs in Kaapland aangekoop is. Regeringsblaaie het die berig op-

gevolg en selfs nog hoër syfers gepubliseer.

'n Vraag is daarop van Engelse kant in die parlement aan genl. Smuts gestel of hierdie feit onder sy aandag gebring is, of hy die Indiërs gewaarsku het daarteen en of hy gaan optree. Genl. Smuts het ontkenend geantwoord en gesê dat hy net gewaarsku het teen onnodige wrywing in blanke buurtes.

BY HUL KAMERADE



Die losgelate politieke gevangenes, M. Prinsloo, H. J. L. Claassens, G. Vorster en H. Pretorius (wat sy vonnis normaalweg uitgedien het) stap by hul aankoms by die onthaal in Pretoria deur 'n crewag Boeredogters.

Unie se Poorte Oop

(Vervolg van bladsy 1, kol. 5)

vir die maande Januarie en Februarie in die Staatskoerant verskyn, toon dat die grootste gros individue Jode is.

Gedurende Januarie het 188 persone aansoek gedoen om naturalisasie. Van hierdie getal is maar 'n baie klein persentasie persone wat hulle self vakmanne kan noem. Twee-en-negentig persone, of 50 persent lê hulle toe op die handel en gee hulle beroepe aan as groothandelaars, verkoopsagente, slagters en kleinhandelaars. Vanne soos Levy, Israelsohn, Jacobsohn, Mosowitz, Blumberg, Goldberg, Markowitz, ens., is besonder goed verteenwoordig.

ALIAS ALIAS ALIAS

Die persentasie vakmanne is besonder klein in verhouding tot dié van die ander groepe, nl. 32 persent. Die res bestaan uit boere, klerke, huisvrouens, onderwysers, priesters, studente, ens.

Die syfers vir Februarie is minder aanmoedigend. Die lys-

te bevat lang rye name wat uitsluitlik Jode skyn te wees. Uit die 191 aansoeke wat by die Departement ingestroom het, dra minstens 91 aansoeke Joodse vanne. Dit is byna 50 persent van die totale aansoeke. Twee-en-vyftig van die persone wat gedurende Februarie aansoek gedoen het om naturalisasie, is handelaars, fabrikante of verkoopsagente. Slegs 42 of 22 persent gee hul beroep aan as vakmanne, terwyl die res uit diamantkopers of -slypers bestaan. Verteenwoordigers van hierdie beroep is mense soos Rubin, Hirshowitz, Mervi, Landelowitz, ens.

Opvallend is dat verskeie van die aansoekers twee of drie vanne gehad het, blykbaar soos hulle van land tot land geswerf het en hul vanne verander het, sodat dit by die omstandighede kan aanpas. So was die huidige Howitz voorheen Codikowius en ook bekend as Kodikowitz.

Boikot Bring Indiërs Tot Besinning

In samehang met die georganiseerde boikotveldtog teen Indiër-handelaars begin boere op wie se eiendomme Indiërs winkels aanhou, nou die Indiërs in die pad te steek sodra hul termyn verstreke is. In een dergelyke geval naby Bloemhof het die boer besluit om self die winkel oor te neem.

Dat die boikot die Indiërs in die bek begin ruk, blyk uit die beroep van die voorsitter van hul handelsorganisasie verlede week in Pretoria, waarin hy Indiërs maan om nie die toorn van die blankes op te wek nie. „Die lydelike verset het die Indiese gemeenskap sonder twyfel groot nadeel besorg”, het hy gesê.

Frankryk Wil Duitsers Behou

Die Franse regering is besig om te onderhandel om verlot te kry om die 425,000 Duitse krygsgevangenes wat tans in Frankryk is, permanent daar te laat bly. Hierdie Duitse krygsgevangenes is deur die Amerikaanse leër gevang en aan die Franse regering geleen as slawewerke.

Amerika het voorgestel dat die soldate toegelaat word om na hul vaderland terug te keer. Frankryk het egter versoek dat hierdie manne toegelaat moet word om hulle as vrye werkers in Frankryk te vestig.


„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Druckery (Edms.) Bepark, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

Poolse Wese Kos S.A. £49 Duisend

Suid-Afrika is besig om duisende ponde te bestee aan die Poolse vlugteling-kindere wat tydens die oorlog op versoek van die Britse regering na die Unie gebring is. Vir die nuwe diensjaar het die regering reeds voorsiening gemaak vir £49,000. Die kinders is gedurende 1943 na Suid-Afrika gebring. Aanvanklik het die Britse regering die onkoste betaal. Die Unie het egter onderneem om dit van nou af self te doen, en die kinders word in staatsinrigtings aangehou.

Egipte Sleep Engeland Voor V.V.O.

Egipte het formeel besluit om die vraagstuk van sy verhouding met Brittanje voor die veiligheidsraad van die V.V.O. te lê. Amptenare van die V.V.O. is egter nog nie seker in watter vorm die klag ingedien sal word nie.



DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!

SPAAR MOEITE en laat
Spesialiteite u wasgoed doen

• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR

Adres: Hugenooststasie, Paarl
(Goedere halftarief)

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35

DIE PAARL

Foon 214